Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Tsa Temo Freistata

Vrystaat Landbou-standpunt

Vuurwapenbeheerwetsontwerp

Selfverdediging is elke mens se reg en kan nie deur die staat aan bande gelê word nie. Die nuutvoorgestelde wysigings aan die Vuurwapenbeheerwet behels onder meer dat die besit van 'n vuurwapen onder die selfverdedigingskategorie nie meer toegelaat word nie.

Die praktiese implikasies van die wysigings is:

- Geen wapens word vir selfverdediging toegelaat nie; jy is totaal uitgelewer.
- Jag- en sportwapens word verder beperk, al het jy toegewese status.
- Besit van herlaaitoerusting word 'n misdaad, dus geen herlaai van ammunisie nie.
- Ladingontwikkeling is taboe.
- Geen wapens mag sonder 'n spesiale permit vervoer word nie. Jag of skietbaan toe gaan 'n permit vereis.
- Niemand onder die ouderdom van 16 jaar word toelaat om 'n wapen te hanteer nie, selfs nie onder toesig nie.
- Nie meer as 100 rondtes ammunisie per wapen mag in jou in besit sonder 'n spesiale permit wees nie. Dit geld of jy toegewese status het of nie.
- Die verkryging en behoud van toegewese status word moeiliker gemaak.
- Privaat wapenversamelings word in totaliteit geskrap, slegs openbare versamelaars word erken.
- Die minister verkry wye magte om die invoer van wapens en ammunisie te beperk.

Die blote gedagte dat die regering so 'n voorstel sal opper, veral in 'n land met van die hoogste moordsyfers in die wêreld, is nie net verregaande nie, maar uiters ontstellend en gaan tot 'n toename in kriminele anargie lei. Dit is absoluut in stryd met die bepalinge in die gemenereg wat betref die reg op noodweer (selfverdediging), terwyl die Handves van Menseregte wat vervat is in die Konstitusie, die reg op lewe absoluut waarborg.

Landelike gemeenskappe is alreeds kwesbaar en soos onlangs uitgewys in die toename van plaasaanvalle en moordstatistieke, is dit ondenkbaar om van wettige vuurwapens ontneem te word. Die staat se onvermoë om sy burgers teen

toenemende kriminaliteit te beskerm, en die persepsie dat kriminele meer regte het en vuurwapens mag besit (wat gewoonlik onwettig is), gekoppel aan die persepsie dat landsburgers nie meer die reg het om hulself te verdedig nie, is absurd en ongrondwetlik.

Onlangse misdaadstatistieke toon aan dat 21.1% van alle moorde toegeskryf kan word aan gewapende roof, verkragtings, vigilantisme, bendevoorvalle en/of weerwraak tussen kriminele en slagoffers. Wetsgehoorsame burgers se reg om hulself te beskerm en te verdedig word deur die bepalings van die wetsontwerp ondermyn.

Van die ander bepalings in die konsepwetsontwerp wat wettige vuurwapeneienaars wesenlik benadeel, is die feit dat die besit van herlaaitoerusting nie meer toegelaat gaan word nie, en dus gekriminaliseer word. Dit het wesenlike negatiewe gevolge vir die eienaars van sodanige toerusting wat alreeds geld spandeer het om die toerusting aan te koop en in stand te hou. Hierdie nagevolge is ook van toepassing op handelaars, en dus 'n inperking op hul handelsvryheid.

Die wetsontwerp plaas verder 'n beperking op die aantal wapens wat aangehou mag word. Die drakoniese bepalings het tot gevolg dat verskeie wettige vuurwapeneienaars van hul wapens moet verminder.

Hierdie is maar sommige van die negatiewe aspekte wat uitgelig kan word. 'n Meer volledige dokument sal saamgestel word waarin daar in groter besonderhedes op die konsepwetgewing kommentaar gelewer sal word.

Die voorgenome wetgewing is nie net absurd en irrasioneel nie, dit beperk jou fundamentele regte as 'n wetsgehoorsame burger binne 'n Konstitusie wat deur baie as van die beste ter wêreld beskou word. Indien hierdie konsepwetgewing nie gestop word nie, is die beste Konstitusie ter wêreld van nul en gener waarde nie. Help ons om hierdie proses in sy spore te stop!